

Dinsdag 29 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-26

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:23-27; HK Sondag 28, Vraag 77

Die instelling van die nagmaal

Die dissipels was saam met Christus byeen in 'n voorbereide bovertrek waar hulle die Pasga gevier het. By die Pasga moes hulle die groot gebeurtenis van Israel se verlossing uit Egipte in gedagtenis bring. Toe is vir die eerste keer die paaslam geslag waarvan geen been gebreek mag word nie. Die bloed van die lam moes hulle aan die kosyne van die deure gesmeer het, want in die nag sou die engel van God die eersgeborenes van alles en almal laat sterwe, behalwe van diegene wat die bloed van die paaslam aan die kosyne gesmeer het.

Alles wat gebeur het by en direk voor die bevryding van Israel uit Egipte, moes by elke Pasga in gedagtenis gebring word. Dit was 'n voorafskaduwing en heenwysing van die veel groter verlossing wat Christus sou bewerk. Met die besondere viering van die Pasga deur Jesus en sy dissipels het daar permanent 'n wending in die viering van die Pasga gekom. As die dissipels dit verstaan het, sou hulle geweet het dat die verlossing van die werklike Israel uit die werklike Egipte nie die eintlike saak is waarom dit gegaan het nie, maar om die verlossing van die geestelike Israel, dit is al die kinders van God, uit die geestelike Egipte, dit is die sonde (Op. 11:8).

By die viering van die Pasga deur Christus en sy dissipels het die heenwysende skaduwees werklikheid geword. Voor hulle staan die ware Paaslam wat weldra "geslag" gaan word. Op dié wyse sal Hy 'n baie groter verlossing bewerk as die verlossing van Israel uit Egipte. Christus sou dit sekerlik aan sy dissipels verduidelik het. As Hy dan aan hulle die brood en die wyn gee en sê: "*Dit is my ligaam; dit is vir julle*", en: "*Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is*", dan laat Hy hulle verstaan dat die Pasga in die nagmaal oorgegaan het.

In hierdie woorde wat die ware Paaslam met sy liggaam en bloed aandui, kan die heerlike vervulling gesien word van die belofte van God dat die sondaar verlos sal word. Die dissipels sou die betekenis daarvan beter verstaan het toe Hy die volgende dag gekruisig is en die Heilige Gees hulle daarna oor die aangrypende betekenis daarvan onderrig het.

Soos die Pasga gereeld gevier moes word sodat Israel God se verlossing uit Egipte nooit kon vergeet nie, so wil God ook dat die kerk die verlossing van sonde deur Christus nooit moet vergeet nie. Daarom het Christus beveel: "*Gebruik dit tot my gedagtenis*" (1 Kor. 11:24). Dit beteken: Gebruik dit sodat julle kan onthou.